Gee my die bergwêreld!

Ds. Willem Louw: NG Kerk Miederpark

Josua 14:6-15
Teks. Josua 14:12

1. **Kaleb vertrou God**
   In Numeri 13 lees ons hoe Moses op bevel van God leiers van die volk uitstuur om die beloofde land te gaan verken. Ons ken die verhaal. Hierdie 12 manne het teruggekom en elkeen sy verslag gegee. Almal was eenparig dat dit'n vrugbare land was wat oorloop van melk en heuning. Tien van die twaalf het egter bang geraak oor die groot stede en die groot en sterk manne wat die land bewoon. Die Vyand het vir hulle soos reuse gelyk en hulle het soos sprinkane teen die Reuse gevoel. Daarom het hulle aanbeveel dat die volk nie die land moes binneval nie.

   Dit is hier waar ons Josua en Kaleb leer ken het. "Kaleb het egter die manne wat met Moses praat, stilgemaak en gesê: "Ons moet beslis optrek en die land in besit neem, want ons kan dit doen."(Num.13:30) Kaleb het die eer aan God gegee. Hy het geweet met God aan hul kant, kan hulle die land en sy mense oorwin! **Kaleb het op God vertrou!**

   - Elke mens sal die een of ander tyd voor uitdagings te staan kom. ***Christene kyk deur God se oë na uitdagings. Christene stel eers vas of dit waarmee hulle besig is, inpas by God se plan.*** As hulle daarvan seker is, gaan hulle in geloofsvertroue voort.
   - Wat is die uitdagings wat tans voor jou lê? Waak daarteen dat die besluite wat jy neem, nie net op jou eie gerief ingestel is nie, of nie net die maklikste uitweg volg nie. Hoeveel vertrou jy op God se hulp en krag? Kyk jy na die probleem en sien jy die reuse probleem, of kyk jy na die probleem en sien jy die reuse God wat jy dien?

   God was duidelik moedeloos met die negatiewe volk. Hoor die moedeloosheid in Sy woorde: ***"Hoe lank sal hierdie volk my almag bly onderskat? Hoe lank sal hulle weier om op my te vertrou?*** *(Num14:11)*

Kaleb was ’n man na God se hart. Hy het God onverskrokke geglo. Hy wou God 100% gehoorsaam. Hy het geglo met God se hulp kan hulle enige vyand oorwin. God het dit raakgesien en hom beloon.

Die Here het ’n baie belangrike les vir die volk geleer (Lees Num.1417-24). Hy leer dat Hy ons sondes vergewe, maar dat Hy steeds ongehoorsame kinders sal straf! God belowe: *“Nie een van hulle wat my geminag het, sal die land sien nie. Maar omdat My dienaar Kaleb ’n ander gesindheid het en My getrou gevolg het, sal Ek hom inbring in die land wat hy gaan verken het, en sy nageslag sal dit besit.” Num14:24* Hieruit leer ons dat God sonde vergewe maar dat Hy dikwels swaarkry oor ons toelaat om ons te herinner aan ons dade.

Kaleb het God se belofte gehoor. Die droom het in sy hart vir 45 jaar brandende gebly… tot op die dag dat hy sy grondgebied as ’n 85 jarige man in besit kon neem! Hy wou daardie spesifieke bergwêreld hê wat God aan hom belowe het! Die lot sou nie sy gebied deur loting bepaal nie. God het klaar sy gebied gegee. Hy wou nou daardie gebied hê. Almal was stil. Daar was geen teenstribbeling nie. Almal het geweet Kaleb was ’n man van God! Hy was die enigste oorlewende wat reeds in die land was. Almal het geweet God se guns rus op hom!

Kaleb was ’n man na God se hart. Hy was ’n man van God! Wil jy nie ook so naby aan God leef dat mense van jou sal praat as “’n vrou van God” of “’n man van God”!

Kaleb het God geër, daarom het God hom geseën. Kaleb se karakter en sy liefde vir God het hom onder alle volke beroemd laat word. ***God eer diegene wat Hom eer, maar hy verdelg die wat Hom minag!***

2. Kaleb se passie vir God bly brandende

Toe Kaleb die bergwêreld in besit neem het hy verklaar: Die krag wat ek destyds as 45 jarige man gehad het toe God hierdie bergwêreld aan my beloof het, het ek vandag nog!
Kaleb was vasberade. Die Enakiete, die reuse was nog steeds daar! Die stede nog steeds so groot en stewig. Kaleb roem egter nie op sy gevegsvernuf nie! Hy skuil by God! “***Ek kan nog gaan oorlog maak en behoue terugkom***”

(Jos.14:11) en dan voeg hy by: "*Miskien sal die Here by my wees sodat ek hulle kan verower soos Hy beloof het.*"

- Kaleb het **deursettingsvermoë** gehad. Hy was 'n man wat nie net praat nie, maar doen wat hy sê. (Die kerk het sulke mense nodig!)
- Kaleb was 'n **dapper** man, maar
- Hy was **nederig** van hart.
- Hy skuil binne God se almag en hy **gee die eer aan God** wanneer hy suksesbehaal!

Dit is interessant dat die plek waar Kaleb moes gaan oorlog maak, behoort het aan 'n man met 'n groot naam. Hy was die leier van die Enakiete (die reuse se leier!). **Die stad Kirjat-Arba wat Kaleb moes gaan inneem was ook boonop na Arba, die sterk leier en stamvader van die Enakiete, vernoem** (volksheld kom teen volksheld te staan). Boonop het die stad in **die bergwêreld** gelê. **Dit was die moeilikste gevegsterrein denkbaar.** Net fikse soldate sou daar kon veg. Perde kon nie daar beweeg nie. Tussen die rotse en skeure moes die soldate takties veg, dapper wees, maar ook rats en fiks. **Kaleb sou die oorlog der oorloë moes veg om sy grondgebied te ontvang. Hy wou egter juis hierdie grondgebied hê. Gee my die bergwêreld!** Die gebied waarvoor almal bang was om daar te gaan veg! Kaleb het duidelik meer in die oorlog gelees as enigiemand anders. Kaleb het vir God se eer gaan veg! Kaleb wou God se eer gaan herstel! Kaleb wou sê ek weet God kan die reuse oorwin! God kon dit 45 jaar gelede doen en God kan en sal dit vandag nog doen! Niemand bly staande voor God nie! **Kaleb wil die eer van die oorwinning aan God gee! Hy wil God en Israel se eer herstel!**

- **Hoe kan God jou gebruik om Sy eer te herstel, dapper man/ vrou?**
- God se eer word dikwels herstel deur 'n sterk getuienis, 'n opregte leefstyl, of 'n eerlike deursigtige optrede. Gaan, en gaan doen wat God van jou verwag!

Kaleb wil die geskiedenis vir altyd verander. Hy weet by hierdie stad lê God se beloftes reeds vir baie jare. Hierdie stad is voorheen Mamre

genoem(Gen.23:19). Abraham het daar gewoon en ook ’n altaar vir die Here daar gebou. Kirjat-Arba was ook die plek waar Sarah destyds begrawe is (Gen.32:2) en later ook Abraham. Abraham en Izak en Jakob se spore loop deur hierdie land. God sal verseker sy beloftes waarmaak! **Reeds aan Abraham het God hierdie bergwêreld beloof! Here vandag kom neem ek hierdie bergwêreld op U bevel in! Ek is in U diens!**

- Staan op God se Woord as jy reuse moet verslaan
- Gaan kyk hoeveel keer God dieselfde beloftes in die Skrif gee. Hoeveel keer moet God dit nog gee voordat jy Sy almag sal vertrou?

Na die oorwinning verander Kaleb die stad “Kirjat-Arba” se naam na “Hebron”. God het die grootste van die grotes oorwin. **God woon nou hier**. Dit is Sy huis! Die huis van God. Daarom het Kaleb die stad aan die priesters gegee (Jos.21:13). Dit sou ook ’n asielstad word, ’n stad waarheen mense wat per-ongeluk iemand te na gekom het, kon vlug om skuiling by God te vind. ’n Veilige hawe by God!(Jos.20:6 Daar kon jy skuil tot die hoëpriester wat in die amp was, gesterf het, daarna kon jy as vry man weer na jou eie stad gaan) Hierdie stad was ook ’n koninklike stad. Aan die begin van Dawid se regering was dit die Hoofstad van Juda. Dawid het sewe jaar hier regeer. Dawid is hier gesalf as koning van die hele Israel! Jesus se aardse bloedlyn sou deur die stad loop (voorvader Dawid)!

3. **God se beloftes staan vas**

God het vir Kaleb beloof dat Hy hom in die land sou inbring en dat sy nageslag die land sou besit.

- God se beloftes staan vas. **Wanneer God iets belowe, kan jy seker wees dat sy beloftes waar sal word.** Num.23:19 *“God is nie ’n mens dat Hy sou lieg nie, ’n mens dat Hy van gedagte sou verander nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, iets belowe en dit nie uitvoer nie?”*

Reeds voor die land in besit geneem is, het die Here vir Moses gesê presies hoe die beloofde land se grondgebied tussen die stamme verdeel moet word (Num.34:17). Die manne wat die land moes verdeel was die hoof priester Eleasar, en Josua die hoof van die regering asook 10 jong prinse, wat die leier van elke stam was. Die grondgebiede is vooraf deur die lot aangewys

(Num.33:34) en die grond is pro rata verdeel volgens die grote van die stam. Ook hierdie belofte het vasgestaan.

Hierdie verhaal bevestig dat God se beloftes vasstaan. Die Bybel is vol wonderlike beloftes. Daar is vir elke dag van die jaar ’n vars nuwe belofte. God moedig ons aan om Hom op Sy Woord te neem. Ons kan daarop reken. Ons moet leer om God blindelings te vertrou soos Kaleb!

- Talle verhale word vandag vertel van kinders van God wat God op Sy Woord geneem het en oorwinning behaal het. Kan jy ook so ’n geloofsverhaal van jou eie lewe vertel?

4. God kan een mens gebruik om ’n nasie te seën

Kaleb was ’n godsman. Sy karakter getuig daarvan dat hy in ’n verhouding met God geleef het en dat hy sy lewe in God se hand geplaas het. Hy was ’n dapper en betroubare man. Hy het deursettingsvermoë gehad. Hy sou nie maklik twyfel as God vir hom iets beloof het nie. Hy kon God se stem onderskei. Hy kon duidelik raaksien wat God van hom verwag! Hy was bereid om sy lewe op die spel te plaas om ’n kanaal te word waardeur God vele ander kon seën. Hy kon in sy geestesoog sien hoe Kirjat-Arba deur sy nageslag besit word.

God het vir Josua en Kaleb gebruik om die plan wat Hy vir Israel gehad het, deur te voer. Dikwels wag mense vir net een gelowige om die eerste treë te gee, dan volg al die ander! **Let op: wat was die invloed van een enkele gelowige godsman op die hele volk?**

- God kon Kaleb se geloof en vertroue gebruik om hulle die beloofde land in besit te laat neem. God kon Kaleb gebruik om die bergwêreld wat almal gevrees het, te oorwin!
- God het Kaleb gebruik om die volk se selfbeeld te herstel en hulle te seën met goeie grond.
- God het Kaleb gebruik om die eer wat God toekom, weer aan God te gee!

God het ook met jou en my lewe ’n plan. Jou geloof kan die geskiedenisboeke vir God se kinders herskryf! Wanneer God van jou iets vra, mag jy nie terug deins nie! Kaleb het net soos Koning Ester besef dat God almagtig is en dat God beheer kan oorneem en die loop van die geskiedenis kan verander.

God plaas dwarsdeur die geskiedenis telkens een van sy kinders in ’n unieke omgewing waar jy vir God die katalisator kan wees en ’n groot verskil kan maak! Waar werk jy? Waar beweeg jy? Wat is jou loopbaan? Wat is jou posisie? Besef dat jy nie toevallig is waar jy is nie! Jy is ook nie toevallig in die gemeente waar jy is nie! God wil deur jou ’n verskil maak (Ef.1:23). God wil jou gebruik om Sy drome te vervul! Vra God wat verwag Hy van jou binne daardie omstandighede en doen dit wat God van jou verwag! (vgl. Moses: Exo.33:13)

Kaleb wou vir God ’n verskil maak. Hy wou graag in besit neem wat God belowe het. Hy het hom nie laat afsit deur wat mense sê nie. Hy het nie op die probleme gefokus nie, maar op die God wat probleme oorwin! Hoeveel keer het jy jou al laat afsit deur wat mense sê? Hoe maklik kan mense jou ontspoor?

Regoor Kaleb se lewe staan geskryf: **’n man met ’n passie:** As ek na Kaleb kyk sien ek **aansteeklike vreeslose passie!** Kaleb was 85 jaar oud maar het steeds die passie vir God behou wat hy as jongman gehad het! Kaleb wou nie sommer net enige stuk grond oorwin nie. Hy wou die bergwêreld in besit neem. Hy het gekom om te doen waarvoor God hom 45 jaar gelede geroep het.

- Om vir God ’n verskil te maak moet jy jou passie vir God behou! **Wil jy nie vandag weer die as van die kole afblaas en die vuur van geloof vir God aan die brand steek nie?** Vra God om jou passie op te jaag sodat jy die bergwêreld vir God kan oorwin! “Never give up!”

Paulus wou die evangelie bring daar waar niemand dit nog ooit gebring het nie. Dit was hoe hy God wou eer! (Rom.15:20)

- **Wat is die bergwêreld wat God deur jou wil oorwin?**
- Vra God vandag om jou ’n Kaleb te maak, ’n man/ vrou van God!
- **Vra God die voorreg om die bergwêreld** (vir Hom) **te oorwin! Gee my die bergwêreld!**

Amen